

REPUBLIC  
OF  
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK  
VAN  
SUID-AFRIKA

# Government Gazette Staatskoerant

Vol. 383 PRETORIA, 9 MAY 1997

No. 17997

## GOVERNMENT NOTICE GOEWERMENTSKENNISGEWING

### DEPARTMENT OF EDUCATION

No. 685

9 May 1997

#### PUBLICATION OF LANGUAGE IN EDUCATION DOCUMENTS WITH THE INTENTION TO INVITE COMMENTS FROM THE PUBLIC

1. I, Sibusiso Mandlenkosi Emmanuel Bengu, Minister of Education, hereby publish in terms of the National Education Policy Act, 1996 (Act 27 of 1996) (Section 3) the following two language in education documents, and invite comments from the public within thirty days from publication in the *Government Gazette*:
  - 1.1. Norms and Standards Regarding Language Policy Published in terms of Section 6(1) of the South African Schools Act, 1996;
  - 1.2. Language in Education Policy in terms of Section 3(4)(m) of the National Education Policy Act, 1996 (Act 27 of 1996).

- 3.2.1. to promote full participation in society and the economy through equitable and meaningful access to education;
- 3.2.2. to pursue the language policy most supportive of general conceptual growth amongst learners, and hence to establish additive multilingualism as an approach to language in education;
- 3.2.3. to promote and develop all the official languages;
- 3.2.4. to support the teaching and learning of all other languages required by learners or used by communities in South Africa, including languages used for religious purposes, languages which are important for international trade and communication, and South African Sign Language;
- 3.2.5. to counter disadvantages resulting from different kinds of mismatches between home languages and languages of learning and teaching.

### 3.3. POLICY: LANGUAGES AS SUBJECTS

- 3.3.1. All learners shall offer at least one approved language as a subject in Grade 1 and Grade 2.
- 3.3.2. All learners shall offer at least two approved<sup>1</sup> languages, of which at least one shall be an official language, from Grade 3 (Std 1) onwards.
- 3.3.3. All language subjects shall receive equitable time and resource allocation.
- 3.3.4. The following promotion requirements apply to language subjects:
  - 3.3.4.1. In Grade 1 to Grade 4 (Std 2) promotion is based on performance in one language and Mathematics.
  - 3.3.4.2. From Grade 5 (Std 3) onwards, one language must be passed.
  - 3.3.4.3. From Grade 10 to Grade 12 two languages must be passed, one on first language level, and the other on at least second language level. At least one of these languages must be an official language.
  - 3.3.4.4. Subject to national norms and standards as determined by the Minister of Education, the level of achievement required for promotion shall be determined by the provincial education departments.

## 4. NORMS AND STANDARDS REGARDING LANGUAGE POLICY PUBLISHED IN TERMS OF SECTION 6(1) OF THE SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT, 1996

### 4.1. INTRODUCTION

<sup>1</sup> All official languages are "approved" languages, while German First Language is also an "approved" language for non-immigrant candidates.

#### 4.1.1. AIM OF THESE NORMS AND STANDARDS

4.1.1.1. The aim of these norms and standards is the promotion, fulfilment and development of the State's overarching language goals in School Education in compliance with the Constitution, namely:

4.1.1.1.1. the protection, promotion, fulfilment and extension of the individual's language rights in education; and

4.1.1.1.2. the facilitation of national and international communication through promotion of bi- or multilingualism through cost-efficient and effective mechanisms, while recognising that linguistic diversity is a valuable asset, which the State is required to respect.

#### 4.1.2. DEFINITIONS

In these norms and standards, unless the context otherwise indicates, words and expressions contained in the definitions in the Act shall have corresponding meanings; and the following words and phrases shall have the following meanings:

4.1.2.1. "the Act" means the South African Schools Act, Act 84 of 1996

4.1.2.2. "the Constitution" means the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996

4.1.2.3. "school district" means a geographical unit as determined by the relevant provincial legislative, or prevailing provincial practice

4.1.2.4. "cluster of schools" means any set of schools which can, and agree to, share resources

4.1.2.5. "language" means all official languages recognised in the Constitution, and also South African Sign Language.

#### 4.2. THE PROTECTION OF INDIVIDUAL RIGHTS

4.2.1. The parent exercises the minor learner's language rights on behalf of the minor learner. Learners who come of age, are hereafter referred to as the learner, which concept will include also the parent in the case of minor learners.

4.2.2. The learner chooses the language of teaching upon application for admission to a particular school.



4.2.3. Where a school uses the language of teaching chosen by the learner, and where there is a place available in the relevant grade, the school must admit the learner.

4.2.4. Where the desired language of teaching is not offered within a particular school district, the learner may decide that he or she will be taught in a language medium already offered by a school in that district, provided that:

4.2.4.1. the learner undertakes this in writing; and

4.2.4.2. such undertaking is binding on the learner, and the learner cannot demand after admission that the school offer instruction in another language of teaching not already offered at the school unless the conditions referred to in 4.3.3 and 4.3.4 arise, at which time this undertaking ceases to be binding on the learner.

4.2.5. Where no school in a school district offers the desired language as a medium of teaching, the learner may request the provincial education department to make provision for instruction in the chosen language, and sections 4.3.3 and 4.3.4 must apply. The provincial education department must make copies of the request available to all schools in the relevant school district.

#### 4.3. THE RIGHTS AND DUTIES OF THE SCHOOL

4.3.1. Subject to any law dealing with language in education and the Constitutional rights of learners the governing body of the school must determine the language policy of the school by stipulating

4.3.1.1. whether the school will be single medium, parallel medium, or dual- or multi medium; and

4.3.1.2. how the school will promote multilingualism by offering additional languages as fully-fledged subjects, or applying special immersion or language maintenance programmes, or through using more than one language of teaching, or through other means, approved by the heads of provincial education departments.

4.3.2. Where another school in the relevant school district offers teaching in a learner's chosen language not available at the school to which application for admission is made, the governing body of the latter can exercise the right referred to in section 4.3.1, unless 4.3.3 and/or 4.3.4 applies.



4.3.3. Where there are 45<sup>2</sup> or more requests for instruction in a language in a given grade not already offered by a school in a particular school district, the governing bodies of the schools in that district can meet jointly and agree which school will provide for the need: provided that no school can provide an additional language of teaching, unless sufficient staff are qualified to teach in this language; provided further that at least 45 learners requesting a particular medium of teaching are willing to attend the particular school.

4.3.4. If the governing bodies cannot come to any agreement, the case will be referred to the provincial education department.

#### 4.4. THE RIGHTS AND DUTIES OF THE PROVINCIAL EDUCATION DEPARTMENTS

4.4.1. The provincial education department must keep a register of requests by learners for teaching in a language medium which cannot be accommodated by schools.

4.4.2. In the case of a new school, the governing body of the school in consultation with the relevant provincial authority determines the language policy of the new school in accordance with the regulations promulgated in terms of Section 6(1) of the South African Schools Act, 1996.

4.4.3. It is reasonably practicable to provide education in a particular language of teaching if:

4.4.3.1. At least 45 learners in a particular grade request it in a particular school district;

4.4.3.2. At least 45 learners in a particular grade are willing to attend the school or cluster of schools in the district which is ultimately to provide education in that language of teaching by agreement between the schools in that district, or cluster of schools, or failing agreement concerning resources, the school or cluster of schools, at which the MEC provides resources.

4.4.4. The provincial department must explore ways and means of sharing scarce human resources. It must also explore ways and means of providing alternative language maintenance

<sup>2</sup> The number 45 is informed by inter alia the following:

- The learner-teacher ratio
- The real class size
- Provision for attrition
- The cost-effective use of education funds

programmes in schools/school districts which cannot be provided with/offer additional languages of teaching in the home language(s) of learners.

4.4.5. If it is reasonably practicable to provide education in a language not offered in a school and no agreement can be reached in terms of 4.4.3.2, the head of the provincial education department identifies the school which must provide the additional language of teaching and enables the school to do so.

#### 4.5. FURTHER STEPS

4.5.1. Any interested learner, language or cultural organisation, or governing body that is dissatisfied with any decision by the head of the department, may appeal to the MEC within a period of 60 days.

4.5.2. Any interested learner, language or cultural organisation, or governing body that is dissatisfied with any decision by the MEC, may dispute the MEC's decision by referring the matter to the Arbitration Foundation of South Africa, or may approach the Pan South African Language Board.

4.5.3. A dispute referred to the Arbitration Foundation of South Africa must be finally resolved in accordance with the Rules of the Arbitration Foundation of Southern Africa by an arbitrator or arbitrators appointed by the Foundation.

5. Comments must reach the correspondence address within thirty days from publication in the *Government Gazette*.

#### Address for correspondence

Please address all correspondence in connection with this Notice to:

Dr W J A van Tonder

Department of Education


Private Bag X895

PRETORIA

0001

Fax: (012) 21-6770 or (012) 325-6260.

Tel. (012) 312-5212.



**S M E BENGU**

Minister of Education

## DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

No. 685

9 Mei 1997

PUBLIKASIE VAN DIE TAAL-IN-ONDERWYSBELEID MET DIE DOEL OM  
KOMMENTAAR VAN DIE PUBLIEK TE VRA

1. Ek, Sibusiso Mandlenkosi Emmanuel Bengu, Minister van Onderwys, publiseer hiermee in terme van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996) (Artikel 3) die volgende twee taal-in-die-onderwysdokumente en nooi die publiek uit om, binne dertig dae vanaf publikasie in die *Staatskoerant*, kommentaar te lewer:

- 1.1. Norme en Standaarde met betrekking tot die Taalbeleid Gepubliseer in terme van Artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996;

- 1.2. Taal-in-onderwysbeleid in terme van Artikel 3(4)(m) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996).

2. Artikel 3.3 van die Konsep Taal-in-onderwysbeleid het betrekking op die huidige situasie. Die nuwe kurrikulum, wat progressief vanaf 1998 geïmplementeer sal word, sal nuwe maatreëls, waarop in 'n aparte proses kommentaar van die publiek gevra sal word, noodsaak.

3. TAAL-IN-ONDERWYSBELEID IN TERME VAN ARTIKEL 3(4)(m) VAN DIE WET OP NASIONALE ONDERWYSBELEID, 1996 (WET 27 VAN 1996)

- 3.1. INLEIDING

Hierdie Taal-in-onderwysbeleiddokument moet beskou word as deel van die deurlopende proses waardeur taal in onderwys ontwikkel word as deel van 'n nasionale taalplan, wat alle sektore van die samelewing insluit. As sodanig funksioneer dit binne die volgende paradigma:



3.1.1. In terme van die nuwe Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika erken die regering, en dus die Departement van Onderwys, dat ons kulturele verskeidenheid 'n waardevolle nasionale bate is en daarom, onder andere, die opdrag het om veeltaligheid, die ontwikkeling van die amptelike tale en respek vir al die tale wat in die land gebruik word, te bevorder.

3.1.2. Hierdie beleid moet beskou word as integrale en noodsaaklike deel van die nuwe regering se strategie om 'n nie-rassige nasie in Suid-Afrika te bou. Dit is bedoel om kommunikasie oor kleur-, taal- en streekversperrings heen te fasiliteer, terwyl terselfdertyd 'n omgewing geskep word waarbinne respek vir ander tale aangemoedig word.

3.1.3. Hierdie benadering strook met die feit dat individuele veeltaligheid en veeltaligheid in die gemeenskap vandag oor die wêreld heen, en veral op die Afrikakontinent, die norm is. Daarom word aanvaar dat die aanleer van meer as een taal nie die besondere beginsel in ons gemeenskap moet wees nie, maar algemene gebruik. Dit beteken dat om veeltalig te wees, moet 'n tipiese kenmerk van 'n Suid-Afrikaner wees. Hierdie benadering moet ook enige besondere etniese chauvinisme of seperatisme deur onderlinge begrip teenwerk.

3.1.4. 'n Wye spektrum van menings bestaan oor die lewensvatbaarheid van veeltalige onderwysbenaderings plaaslik. Dit wissel van argumente ten gunste van die kognitiewe voordele en koste-effektiwiteit van enkeltaalonderrig (huistaalonderrig) en die aanleer van 'n addisionele taal(e) as vakke, tot argumente wat op grond van ooreenstemmende internasionale ervaring aanvoer dat, onder geskikte omstandighede, die meeste leerders kognitief en emosioneel baat vind by die soort gestruktureerde tweetalige onderwys wat in dubbelmedium (ook bekend as tweerigting onderdompeling) programme gevind word. Watter rigting ookal gevolg word, die onderliggende beginsel is dat die huistaal(e) bewaar moet word,

terwyl toegang verleen word tot addisionele taal(e) en dit doeltreffend aangeleer word. Daarom neem die Departement die standpunt in dat 'n toevoegende benadering tot tweeligheid beskou moet word as die normale oriëntering ten opsigte van ons taal-in-die-onderwysbeleid. Die beleid sal, wat die leweringstelsel betref, progressief gelei word deur die resultate van vergelykende plaaslike en internasionale navorsing.

3.1.5. Die reg om die onderrigtaal te kies is in die individu gevestig. Hierdie reg moet egter uitgeoefen word binne die oorkoepelende raamwerk van die onderwysstelsel se plig om veeltaligheid te bevorder.

3.1.6. Hierdie paradigma veronderstel 'n vloeiender verband tussen taal en kultuur as wat algemeen verstaan word in die Eurosentriese model wat ons in Suid-Afrika geërf het. A priori word aanvaar dat daar in 'n multikulturele samelewing geen teenstrydigheid bestaan tussen 'n kern van algemene kultuurkenmerke, geloofsoortuigings, praktyke, ens., en besondere plaaslike of gemeenskapskulture nie. Die verhouding tussen die twee kan en moet inderdaad onderling versterkend wees en, indien behoorlik bestuur, moet dit aanleiding gee tot opregte respek vir die veranderlikheid van die gemeenskappe wat ons opkomende nasie kenmerk.

## 3.2. DOELWITTE

Die hoofdoelwitte van hierdie taal-in-onderwysbeleid is:

3.2.1. om deur middel van redelike en betekenisvolle toegang tot onderwys volle deelname in die gemeenskap en die ekonomie te bevorder;

3.2.2. om die taalbeleid na te streef wat algemene begripmatige groei in leerders die beste ondersteun, en daarom toegevoegde tweetaligheid te vestig as taal-in-onderwysbenadering;

3.2.3. om al die amptelike tale te bevorder en ontwikkel;

- 3.2.4. om die onderrig in en aanleer van alle ander tale wat deur leerders vereis word, of wat deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, ingesluit tale wat vir godsdienstige redes gebruik word en tale wat belangrik is vir internasionale handel en kommunikasie, en Suid-Afrikaanse Gebaretaal, te bevorder;
- 3.2.5. om nadele wat voortspruit uit verskillende soorte ongelykhede tussen huistale en leer- en onderrigtale teen te werk.

### 3.3. BELEID: TALE AS VAKKE

- 3.3.1. Alle leerders moet ten minste een goedgekeurde taal as 'n vak in Graad 1 en Graad 2 aanbied.
- 3.3.2. Alle leerders moet ten minste twee goedgekeurde<sup>1</sup> tale, waarvan ten minste een 'n amptelike taal moet wees, vanaf Graad 3 (St. 1) aanbied.
- 3.3.3. Alle taalvakke moet gelykberegtig word ten opsigte van tyd- en middeletoewysing.
- 3.3.4. Die volgende bevorderingsvereistes is op taalvakke van toepassing:
- 3.3.4.1. In Graad 1 tot Graad 4 (St. 2) word bevordering gebaseer op prestasie in een taal en Wiskunde.
- 3.3.4.2. Vanaf Graad 5 (St. 3) moet een taal geslaag word.
- 3.3.4.3. Vanaf Graad 10 tot Graad 12 moet twee tale geslaag word, een op eerstetaal vlak, en die ander op ten minste tweedetaal vlak. Ten minste een van hierdie tale moet 'n amptelike taal wees.
- 3.3.4.4. Onderhewig aan nasionale norme en standaarde soos bepaal deur die Minister van Onderwys, word die vereiste prestasievlak deur die provinsiale onderwysdepartemente bepaal.

<sup>1</sup> Alle amptelike tale is "goedgekeurde" tale, terwyl Duits Eerste Taal ook 'n "goedgekeurde" taal vir nie-immigrante kandidate is.



#### 4. NORME EN STANDAARDE MET BETREKKING TOT TAALBELEID GEPUBLISEER IN TERME VAN ARTIKEL 6(1) VAN DIE SUID- AFRIKAANSE SKOLEWET, 1996

##### 4.1. INLEIDING

##### 4.1.1. DOEL VAN HIERDIE NORME EN STANDAARDE

4.1.1.1. Die doel van hierdie norme en standaard is die bevordering, vervulling en ontwikkeling van die Staat se oorkoepelende taaldoelwitte in Skoolonderwys in ooreenstemming met die Grondwet, naamlik:

4.1.1.1.1. die beskerming, bevordering, vervulling en uitbreiding van die individu se taalregte in onderwys; en

4.1.1.1.2. die fasilitering van nasionale en internasionale kommunikasie deur die bevordering van twee- of veeltaligheid deur middel van koste-doeltreffende en effektiewe meganismes,

terwyl erken word dat taalverskeidenheid 'n waardevolle bate is wat die Staat moet respekteer.

##### 4.1.2. DEFINISIES

Tensy die konteks anders aandui, sal woorde en uitdrukkings wat in die definisies in die Wet vervat word, in hierdie Norme en Standaard gelykluidende betekenisse hê; en die volgende woorde en frases sal die volgende betekenisse hê:

4.1.2.1. "die Wet" beteken die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996

4.1.2.2. "die Grondwet" beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996

4.1.2.3. "skooldistrik" beteken 'n geografiese eenheid soos bepaal deur die betrokke provinsiale wetgewer, of heersende provinsiale praktyk

4.1.2.4. "groepering van skole" beteken enige groep skole wat middele kan deel, en ooreenkom om te deel

4.1.2.5. "taal" beteken alle amptelike tale wat in die Grondwet erken word, en ook Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

## 4.2. DIE BESKERMING VAN INDIVIDUELE REGTE

4.2.1. Die ouer oefen die minderjarige leerder se taalregte namens die minderjarige leerder uit. Na leerders wat meerderjarig word, word hierna as leerder, wat ook die ouer in geval van minderjarige leerders insluit, verwys.

4.2.2. Wanneer aansoek om toelating tot 'n bepaalde skool gedoen word, kies die leerder die onderrigtaal.

4.2.3. Waar 'n skool die taal wat die leerder gekies het, gebruik en waar daar plek in die betrokke graad beskikbaar is, moet die skool die leerder aanvaar.

4.2.4. Waar die verlangde onderrigtaal nie in 'n besondere skooldistrik aangebied word nie, kan die leerder besluit dat hy of sy onderrig sal word in 'n taalmedium wat reeds deur 'n skool in die distrik aangebied word, met dien verstande dat:

4.2.4.1. die leerder dit skriftelik onderneem; en

4.2.4.2. so 'n onderneming bindend is vir die leerder, en dat die leerder nie na toelating kan eis dat die skool onderrig in 'n ander onderrigtaal as wat reeds in die skool in gebruik is, moet aanbied nie, tensy die omstandighede waarna in 4.3.3 en 4.3.4 verwys word, ontstaan, waarna hierdie onderneming nie meer bindend vir die leerder is nie.

4.2.5. Waar geen skool in 'n skooldistrik die verlangde taal as onderrigtaal aanbied nie, mag die leerder die provinsiale onderwysdepartement versoek om voorsiening te maak vir

onderrig in die gekose taal, en artikels 4.3.3 en 4.3.4 moet van toepassing gemaak word. Die provinsiale onderwysdepartement moet kopieë van die versoek aan alle skole in die betrokke skoordistrik beskikbaar stel.

#### 4.3. DIE REGTE EN PLIGTE VAN DIE SKOOL

4.3.1. Onderhewig aan enige wet wat met taal in die onderwys en die Grondwetlike regte van leerders te make het, moet die bestuursliggaam van die skool die taalbeleid van die skool bepaal deur aan te stip

4.3.1.1. of die skool enkelmedium, parallelmedium, of dubbel- of multimedialmedium sal wees; en

4.3.1.2. hoe die skool veeltaligheid sal bevorder deur addisionele tale as volwaardige vakke aan te bied, of die toepassing van spesiale onderdompelings- of taalinstandhoudingsprogramme, of deur ander metodes, goedgekeur deur die provinsiale onderwysdepartemente.

4.3.2. Waar 'n ander skool in die betrokke distrik onderrig aanbied in die leerder se gekose taal, wat nie beskikbaar is by die skool waar aansoek gedoen is nie, kan laasgenoemde se bestuursliggaam die reg waarna in 4.3.1 verwys is, uitoefen, tensy 4.3.3 en/of 4.3.4 van toepassing is.

4.3.3. Waar daar 45<sup>2</sup> of meer versoeke is vir onderrig in 'n taal in 'n bepaalde graad wat nie reeds deur 'n skool in die betrokke distrik aangebied word nie, kan die bestuursliggame van die skole in die distrik gesamentlik vergader en ooreenkom watter skool in die behoefte sal voorsien: met dien verstande dat geen skool 'n addisionele onderrigtaal kan aanbied, tensy genoegsame

<sup>2</sup> Die getal 45 is inter alia bepaal deur die volgende:

- Die leerder-onderwyser getalverhouding
- Die werklike klasgrootte
- Voorsiening vir afslyting
- Die koste-doeltreffende gebruik van onderwysfondse



personeel gekwalifiseerd is om in die taal te onderrig nie; met dien verstande verder dat ten minste 45 leerders wat 'n besondere onderrigmedium versoek, gewillig moet wees om die betrokke skool by te woon.

4.3.4. Indien die bestuursliggame nie kan ooreenkom nie, word die saak na die provinsiale onderwysdepartement verwys.

#### 4.4. DIE REGTE EN PLIGTE VAN DIE PROVINSIALE ONDERWYSDEPARTEMENTE

4.4.1. Die provinsiale onderwysdepartement moet register hou van die versoeke van leerders vir onderrig in 'n taalmedium wat nie by skole geakkommodeer kan word nie.

4.4.2. In die geval van 'n nuwe skool, bepaal die bestuursliggaam van die skool, na raadpleging met die betrokke provinsiale owerheid, die taalbeleid van die nuwe skool in ooreenstemming met die regulasies wat in terme van Artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, uitgevaardig is.

4.4.3. Dit is redelikerwys prakties uitvoerbaar om onderrig in 'n bepaalde onderrigtaal te voorsien as:

4.4.3.1. Ten minste 45 leerders in 'n bepaalde graad dit in 'n bepaalde skooldistrik versoek;

4.4.3.2. Ten minste 45 leerders in 'n bepaalde graad gewillig is om die skool of groepering van skole in die distrik, wat uiteindelik na ooreenkoms tussen skole (of groepering van skole) in daardie distrik, by te woon, of as ooreenkoms ten opsigte van middele nie bereik is nie, die LUR middele voorsien.

4.4.4. Die provinsiale departement moet maniere en metodes om skaars menslike hulpbronne te deel, ontgin. Daar moet ook maniere en metodes ontgin word om in skole/skooldistrikte alternatiewe taalinstandhoudingsprogramme, wat nie deur

voorsiening/aanbieding van addisionele onderrigtaale in die leerder(s) se huistale geskied nie, aan te bied.

- 4.4.5. Indien dit redelikerwys prakties uitvoerbaar is om onderrig in 'n taal, wat nie by die skool aangebied word nie, te voorsien en geen ooreenkoms kan in terme van 4.4.3.2 bereik word nie, identifiseer die hoof van die provinsiale onderwysdepartement die skool wat die addisionele onderrigtaal moet voorsien, en stel die skool daartoe in staat om dit te doen.

#### 4.5. VERDERE STAPPE

- 4.5.1. Enige belanghebbende leerder, taal- of kultuurorganisasie, of bestuursliggaam wat ontevrede is met enige besluit van die hoof van die departement, mag binne 'n tydperk van 60 dae appèl aanteken by die LUR.

- 4.5.2. Enige belanghebbende leerder, taal- of kultuurorganisasie, of bestuursliggaam wat ontevrede is met enige besluit van die LUR, mag die LUR se besluit betwis deur die saak na die Suid-Afrikaanse Stigting vir Arbitrasie te verwys, of mag die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad nader.

- 4.5.3. 'n Dispuut wat na die Suid-Afrikaanse Stigting vir Arbitrasie verwys is, moet finaal opgelos word in ooreenstemming met die reëls van die Suid-Afrikaanse Stigting vir Arbitrasie deur 'n arbiter of arbiters wat deur die Stigting aangwys is.

5. Kommentaar moet die korrespondensie-adres bereik binne dertig dae vanaf publikasie in die *Staatiskoerant*.

#### Korrespondensie-adres

Stuur asseblief alle korrespondensie in verband met hierdie Kennisgewing aan:

Dr. W.J. A. van Tonder

Departement van Onderwys


Privaatsak X895

PRETORIA

0001

Faks: (012) 21-6770 of (012) 325-6260

Tel. (012) 312-5212





S. M. E. BENGU

Minister van Onderwys



*Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?*



*Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?*

# Keep South Africa Clean



## Throw trash where it belongs

# Hou Suid-Afrika Skoon



**Gooi rommel waar dit hoort**



## Save a drop — and save a million

**W**ater conservation is very important to the community and industry to ensure their survival. So save water!



## Spaar 'n druppel — en vul die dam

**I**ndien almal van ons besparingsbewus optree, besnoei ons nie slegs uitgawes nie maar wen ook ten opsigte van ons kosbare water- en elektrisiteitsvoorraad

*Looking for back copies and out of print issues of  
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

## The State Library has them!

Let us make your day with the information you need ...


The State Library Reference and Information Service

PO Box 397

0001 PRETORIA

Tel./Fax (012) 321-8931

E-mail: [infodesk@statelib.pwv.gov.za](mailto:infodesk@statelib.pwv.gov.za)



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die  
Staatskoerant en Provinsiale Koerante?*

## Die Staatsbiblioteek het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Die Staatsbiblioteek Naslaan- en Inligtingdiens

Posbus 397

0001 PRETORIA

Tel./Faks (012) 321-8931

E-pos: [infodesk@statelib.pwv.gov.za](mailto:infodesk@statelib.pwv.gov.za)

Looking for back copies and out of print issues of  
the Government Gazette and Provincial Gazettes?

The State Library has them!

Let us make your day with the information you need ...

The State Library Reference and Information Service

PO Box 397

0001 PRETORIA

Tel./Fax (012) 321-8931

E-mail: infodesk@statelip.gov.za

## CONTENTS

## INHOUD

No.

Page  
No.

Gazette  
No.

No.

Bladsy  
No.

Koerant  
No.

### GOVERNMENT NOTICE

#### Education, Department of

##### Government Notice

- 685 National Education Policy Act (27/1996):  
Publication of language in education  
documents with the intention to invite  
comments from the public.....

1 17997

### GOEWERMENSKENNISGEWING

#### Onderwys, Departement van

##### Goewermenskennisgewing

- 685 Wet op Nasionale Onderwysbeleid  
(27/1996): Publikasie van die taal-in-  
onderwysbeleid met die doel om kom-  
mentaar van die publiek te vra.....

9 17997

